

9

EK IS DEEL VAN DIE GEMEENTE

Ons is vennote

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle deel is van die gemeente.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet hulle is deel van die gemeente omdat –

- God dit so wil hê; en
- hulle hul dankbaarheid moet bewys.

Gesindheid

Die kinders moet bly wees dat hulle deel van die gemeente kan wees.

Vaardigheid

Die kinders moet die gebeure in en om die erediens meemaak en in staat wees om te verduidelik wat alles gebeur het.

MEER INLIGTING (Markus 10: 13-16)

Die kerk behoort nie net aan grootmense nie. Dit is nie net grootmense wat 'n plek in die kerk het nie. Die kerk behoort ook aan kinders, en hulle het ook 'n plek daarin. Dit bewys Jesus as Hy wys dat Hy baie lief is vir kinders.

In die tyd toe Jesus op aarde geleef het, was kinders nie baie belangrik nie. Grootmense het hulle nie gesteur aan kinders nie en het nie tyd bestee aan kinders nie. Die grootmense het gedink dat ander dinge baie belangriker is. Grootmense het altyd gedink dat kinders in die pad is en hulle net pla. Daarom was kinders se plek weg van die grootmense af.

Daar was tog mense wat hulle kindertjies na Jesus toe gebring het sodat Hy hulle kon seën. As Jesus hulle kindertjies seën, het hulle geglo dat dit goed sal gaan met hulle kinders. Hulle wou die versekering hê dat God ook lief is vir hulle kinders.

Toe hulle kinders na Jesus toe bring, het die dissipels gekeer en seker gesê: *Julle kan nie julle kinders nou na Jesus toe bring nie. Jesus is 'n besige man en Hy het nie tyd vir kinders nie. Hy is met baie belangriker sake besig as om julle kinders te seën. Julle moet maar omdraai, want Jesus het nie nou tyd vir julle of vir julle kinders nie.*

Toe Jesus sien dat sy dissipels die mense met hulle kindertjies wegstuur, was Hy ongelukkig daaroor. Jesus het toe seker vir hulle gesê: *Moenie die kindertjies van My af weghou nie. Laat hulle na My toe kom, want Ek is lief vir hulle. Ek is nie net lief vir grootmense nie, maar ook vir kinders. Dit is nie net grootmense wat vir God belangrik is nie, maar ook kinders. By julle het kinders dalk nie 'n plek nie en julle bestee dalk geen tyd aan kinders nie. Vir julle is kinders dalk nie belangrik nie, maar vir God is dit anders. By God het elke kind 'n plek. God is lief vir kinders. Vir God is kinders belangrik. Daarom mag julle wat my dissipels is nie die kinders van My af weghou nie.*

Omdat Jesus hier vir sy dissipels leer dat kinders vir God belangrik is en dat Hy lief is vir kinders, leer dit vir ons dat kinders ook 'n plek in die kerk het. Kinders is net so deel van die gemeente soos wat elke grootmens, elke diaken, elke ouderling en ook die dominee deel is van die gemeente. In die gemeente is niemand belangriker as 'n ander een nie, en daarom is grootmense ook nie belangriker as kinders nie. Dit kan nie net grootmense wees wat in die gemeente sekere take het nie, maar ook kinders. Vir kinders kan daar ook sekere werkies wees wat hulle in die gemeente doen, omdat hulle deel is van die gemeente.

God is lief vir jou en jy is vir Hom belangrik. Jy is net soveel deel van die gemeente as enige grootmens in die gemeente. Jy kan ook 'n werkie in die gemeente kry, net soos wat baie grootmense elkeen hulle werk in die gemeente het.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.

Reël vooraf met die predikant dat die kinders saam met die kerkraad in die konsistorie bymekaarkom voor die diens. Die kinders moet saam met die kerkraad open, en instap voor die erediens begin. Tydens die erediens sit hulle saam met hulle kategeet by die diakens. Na die erediens stap hulle saam met die diakens na die deure toe en hou die sakkies vir die deurkollekte. Hulle sluit saam met die kerkraad af in die konsistorie, en tel saam met die diakens die deurkollekte.

Daarna kan hulle saam met die kategeet in die kombuis gaan help waar tee geskink word. Wanneer die kinders klaar gehelp het, kan hulle in hulle kategeselokaal bymekaarkom en kan die res van die les verder verloop.

Na aanleiding van hoe sake in elke gemeente verloop voor, tydens en na die erediens, kan die kategeet saam met die kerkraad oorweeg of die kinders elke Sondag iewers betrokke kan wees.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat die kinders die lys van vyf verantwoordelikhede wat 'n mens het wanneer jy God se kind is, aan die klas voorhou.
- Kontroleer of hulle die volgende ken of die ontbrekende woorde kan invul:
 - Hoekom het God ons sy kinders gemaak? *God het ons sy kinders gemaak omdat Hy vir ons lief is.*
 - As kinders van God het ons *sekere verantwoordelikhede* wat ons elke dag moet nakom.
 - Ons moet God nie *teleurstel* en soos stout kinders leef nie.
 - Kinders van God gee om vir ander mense.
 - Wat God van ons vra, is belangriker as wat *mense* van ons vra.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons het almal 'n plek in die kerk. Dit leer Jesus ons in Markus 10: 13-16. Vir God is nie net grootmense belangrik nie, maar ook kinders.

Gee die kinders geleentheid om hulle ervaring van die konsistorie en teeskink te beskryf.

IETS INTERESSANT

Laat die kinders die teks JESUS LAAT DIE KINDERS NA HOM TOE KOM in hul boeke lees en die vrae daarvoor in hul boeke beantwoord. As hulle nie klaarkry nie, kan hulle die vrae tuis voltooi.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon:

- In die kerk is daar vir kinders plek, net soos wat daar vir grootmense plek is.
- In die kerk is niemand belangriker as 'n ander een nie.
- God is vir kinders lief, en daarom is dit vir Hom belangrik dat kinders ook 'n plek in die kerk moet hê.

IETS OM TE DOEN

Met die besoek aan die konsistorie, ingangsportaal en kombuis is die DOEN-gedeelte afgehandel.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders wat rekenaartoegang het, saam met hulle ouers vir die gemeente 'n e-pos skryf waarin hulle aandui waar hulle graag betrokke wil raak.

LEER

Laat hulle Markus 10: 14 memoriseer:

Jesus het gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Jesus se dissipels het die mense wat hulle kindertjies na Jesus toe gebring het, weggestuur.
- Jesus het gesê dat hulle nie die kinders moet verhinder nie.
- Kinders is vir Jesus belangrik.
- Jesus is lief vir kinders.
- Jesus leer ons dat kinders ook 'n plek het in die kerk.
- Almal – kinders, diakens, ouderlinge en die dominee – is ewe belangrik in die kerk.
- Selfs kinders kan 'n werkie hê om in die gemeente te doen.

AFSLUITING

Laat een van die kinders met Gesang 294: 3 afsluit as gebed:

*Dankie vir genade, Heer,
dankie dat ek van U leer;
dankie dat u Woord en Gees
my ook laat gehoorsaam wees. Amen.*

